
# HOE ALLES INMEKAAR PAS IN AFRIKAANS

1. KLANKLEER:



1.1 VOKALE / KLINKERS

a, aa, e, ee, i, ie, o, oo, u, uu

1.2 KONSONANTE / MEDE-KLINKERS

b, c, d, f, g, h, j, k, l, m, n, p, q, r, s, t, v, w, x, z

1.3 TWEEKLANKE / DIFTONGE

aai, ai; ooi, oi; eeu, eu, ei, y; oei, ui; oe; ou

# TOETS JOUSELF

1. LETTERGREPE:

| | |
|---|---|
| ONMIDDELLIK | **ON-MID-DEL-LIK** |
| SEISOENE | **SEI-SOE-NE** |
| ONDERWYSER | **ON-DER-WY-SER** |
| ONBENULLIGHEDE | **ON-BE-NUL-LIG-HE-DE** |

2. KORT/LANG KLINKERS:


| | |
|---|---|
| BOME | **LANG** |
| KATTE | **KORT** |
| KAMERS | **LANG** |

3. TWEEKLANKE:

| | |
|---|---|
| DADELIK; YSWATER; LAWAAI; | **YSWATER; LAWAAI;** |
| ONGEVEER; MOEILIK; BYNA; | **MOEILIK; BYNA;** |
| BEHEER; NATUURLIK; EINA; | **EINA;** |
| ONDERWYSERS; KONNOTASIE | **ONDERWYSERS;** |

# 2. SPELLING





- LEESTEKENS

: ; ? ! , . ( ) “ ” …

—

Leestekens help jou om sinne of paragrawe korrek te LEES.

- SKRYFTEKENS

ë ê Suid-Afrika
ma’s é è

Skryftekens help jou om woorde korrek te SKRYF en om dit korrek uit te spreek.

Hy sê: “Ek is vandag moeg, maar net-nou sal ek beter voel!”

Al die ma’s kom van Suid-Afrika, nè? Ek is baie beïndruk met die breë brûe.

# TOETS JOUSELF

## SPELLING:

**spieel; ver; Suidwes Afrika; komkomer; hoerskool; maarder; beesig; reen; yland; interresant; waneer; meisie; skole; geeet**

spieël; Suidwes-Afrika; komkommer; hoërskool; maerder; besig; reën; eiland; interessant; wanneer; geëet

## PUNKTUASIE:

**ek het vir my ma gesê ek kan nie meer leer nie ek is nou moeg en ek wil gaan rus kan ek iets te ete kry asseblief**

Ek het vir my ma gesê: ''Ek kan nie meer leer nie; ek is nou moeg en ek wil gaan rus. Kan ek iets te ete kry, asseblief?"

# 3. HOOFLETTERS

- Elke nuwe sin begin met 'n hoofletter
- As jou sin met 'n 'n begin, dan kry die volgende woord die hoofletter:

  'n Klein hondjie lê en slaap.

Kyk na die volgende:

| | |
|---|---|
| Me. Van Zyl | Mnr. A. van der Merwe |
| Me. J. van Zyl | Mnr. Van der Merwe |
| Me. Janet van Zyl | Mnr. André van der Merwe |

# 4. AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| asb. | asseblief |
| m.a.w. | met ander woorde |
| dr. | dokter |
| Me. | Mejuffrou/mevrou |
| Mej. | Mejuffrou |
| Mev. | Mevrou |
| Mejj. | Mejuffroue |
| Mnr. | Meneer |
| t.s.v. | ten spyte van |
| SAUK | Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie |
| VIGS | Verworwe immuniteitsgebreksindroom |
| d.m.v. | deur middel van |
| bg. | bogenoemde |
| Pres. | President |
| o.a. | onder andere |

# TOETS JOUSELF:

**1. Watter woorde is verkeerd gespel?**
gelukkig; ouma's; spieel; diete; onmoontlikke; reent; reën; pa's

**2. Kan jy die tweeklanke in die woorde uitken?**
lui; waens; loop; roei; muis; bewyse; bleek; deur; boeiende; oor

**3. Skryf die sin oor met die korrekte leestekens en skryftekens:**
sy het vir piet gese ek het 'n leer nodig vir al my notas kan jy asseblief een vir my bring
my broer het gister by die leer aangesluit

**4. Waarvoor staan die volgende afkortings?**
i.p.v.; m.a.w.; t.s.v.; n.a.v.; bg.; drr.; me.; juf.; VIGS

oumas; spieël; diëte; onmoontlike

lui; roei; muis; bewyse; deur; boeiende

Sy het vir Piet gesê: "Ek het `n lêer nodig vir al my notas. Kan jy asseblief een vir my bring?"

My broer het gister by die leër aange-sluit.

In plaas van; met ander woorde; ten spyte van; na aanleiding van; bogenoemde; dokters; mejuffrou of mevrou; juffrou; verworwe immuniteits-gebreksindroom

# 5. WOORDSOORTE:

| | |
|---|---|
| 5.1 Selfstandige naamwoord | Noun |
| 5.2 Byvoeglike naamwoord | Adjective |
| 5.3 Werkwoord | Verb |
| 5.4 Voornaamwoord | Pronoun |
| 5.5 Bywoord | Adverb |
| 5.6 Voegwoord | Conjunction |
| 5.7 Lidwoord | Article |
| 5.8 Voorsetsel | Preposition |
| 5.9 Uitroepe | Exclamation |
| 5.10 Telwoorde | Numeral |

# 5.1 SELFSTANDIGE NAAMWOORDE

| | |
|---|---|
| 5.1.1 SOORTNAME: | tafel; stoel; pen; vis; |
| 5.1.2 EIENAME: | Piet; Aaron; Beulah; Ben |
| 5.1.3 VERSAMELNAME: | koor; skool (visse); orkes |
| 5.1.4 ABSTRAKTE S.NW.: | liefde; haat; jaloesie |
| 5.1.5 MASSANAME: | melk; goud; see; sand |
| 5.1.6 MAATNAME: | koppie (sout); sak (suiker) |


FUNKSIES VAN S.NWe:

1. MEERVOUDE
2. VERKLEININGSVORME
3. TEENOORGESTELDE GESLAG

# DIE REËL VIR DIE AFKAPPINGSTEKEN BY DIE MEERVOUD EN VERKLEININGSVORM

- Alle s.nwe wat EINDIG op I, O, U en ‘n BE-KLEMTOONDE A, kry ‘n afkappingsteken in die meervoud en verkleiningsvorm:

- bikini’s / bikini’tjie; ski’s / ski’tjie
- foto’s / foto’tjie; dodo’s / dodo’tjie
- balju’s / balju’tjie; skadu’s / skadu’tjie
- pa’s / pa’tjie; hoera’s / hoera’tjie



MAAR: <u>ou</u>mas; <u>ou</u>pas; ba<u>na</u>nas; <u>ba</u>bas

omdat hierdie woorde nie op ’n BEKLEMTOONDE -a eindig nie!

# DIE REËL VIR DIE AFKAPPINGSTEKEN BY DIE MEERVOUD EN VERKLEININGSVORM (vervolg)

ASOOK: Alle EIENAME wat eindig op ‘n E; S en Z wat nie in die enkelvoud UITGESPREEK word nie: hulle kry ook ‘n afkappingsteken in die meervoud en verkleiningsvorm.

- Terreblanche: Terreblanche’e/ Terreblanche’ie
- Cilliers: Cilliers’s / Cilliers’tjie
- Du Preez: Du Preez’s / Du Preez’tjie

MAAR: Rouxs / Rouxtjie en du Toit / du Toits

omdat hierdie woorde op ’n -x en ’n -t eindig wat ook nie uitgespreek word nie, maar die reël verwys net na -e -s en -z

# TOETS JOUSEFF

1 MEERVOUD:

brug; skool; ouma; ui; wa; banana; boom; brief; dag; jaar; pot; potlood; ruit; kop

**brûe; skole; oumas; uie; waens; bananas; bome; briewe; dae; jare; potte; potlode; ruite; koppe**

2 VERKLEININGSVORM:

oupa; motor; wa; brief; spel; kombers; wiel; boom; ring; koning; kop; ui; bikini; ma

**oupatjie; motortjie; waentjie; briefie; speletjie; kombersie; wieletjie; boompie; ringetjie; koninkie; koppie; uitjie; bikini'tjie; ma'tjie**

3 GESLAG:

ram; mannetjie; man; bul; meisie; swaer; bruid; Jood; skrywer; bakker; tikster

**ooi; wyfie; vrou; koei; seun; skoonsuster; bruidegom; Jodin; skryfster; bakster; tikker**

# 5.2 BYVOEGLIKE NAAMWOORDE

Ons kry twee soorte byvoeglike naamwoorde:

- Die attributiewe byvoeglike naamwoord, wat VOOR die s.nw staan wat dit beskryf, bv.: die <u>rooi</u> motor
- Die predikatiewe byvoeglike naamwoord, wat NÁ die s.nw staan wat dit beskryf, bv.: die motor is <u>rooi</u>



**DIE FUNKSIES VAN BYVOEGLIKE NAAMWOORDE:**

1. INTENSIEWE VORME
2. TRAPPE VAN VERGELYKING
3. VERBUIGING VAN DIE B.NW
4. (DEELWOORDE)

# DIE VERSKIL TUSSEN TRAPPE VAN VERGELYKING EN VERBUIGING

<u>TRAPPE VAN VERGELYKING</u>:

STELLENDE TRAP: mooi

VERGROTENDE TRAP: mooi<u>er</u>

OORTREFFENDE TRAP: mooiste

OF

belese

meer belese

mees belese

Gewoonlik net vir meer-letter-grepige woorde wat op –e eindig

**Jy moet iets met mekaar vergelyk in trappe van vergelyking!**

<u>VERBUIGING</u>:

Die dam is droog (pred.)

Daar is die droë dam (attr.)

Die les is vroeg!

Dis ’n vroeë les.

Ek is vandag moeg.

Dit is ’n moeë vrou.

**Hier word NIKS met mekaar vergelyk nie!**

# TOETS JOUSELF

| | |
|---|---|
| 1 GEE DIE MEERVOUD VAN: ouma; bees; skool; kind; banana; pad; stad; moeilikheid; gat; wa; tyd; buurman | oumas; beeste; skole; kinders; bananas; paaie; stede; moeilikhede; gate; waens; tye; bure |
| 2 GEE DIE TEENOORGESTELDE GESLAG: Jood; leeumannetjie; digter; swaer; bul | Jodin; leeuwyfie; digteres; skoonsuster; koei |
| 3 GEE DIE KORREKTE VORM: goed (planne); koud (water); sag (matras); vroeg (oggend); droog (vrugte); moeg (mense); lief (suster); dof (ligte); doof (meisie); dood (diere) | goeie; koue; sagte; vroeë; droë; moeë; liewe; dowwe; dowe; dooie |
| 4 GEE DIE OORTREFFENDE TRAP: wys; vas; vies; los; tevrede; swak; goed | wysste; vasste; viesste; losste; mees tevrede; swakste; beste |
| 5 GEE DIE VERGROTENDE TRAP: goed; oop; swak; kwaai; kwaad; moeg | beter; oper; swakker; kwaaier; kwater; moeër |
| 6 GEE DIE INTENSIEWE VORM: koel; naak; lig; klein; oop; swaar; kwaad | komkommerkoel; poedelnaak; veerlig; piepklein; wawyd oop; loodswaar; smoorkwaad |

# TOETS JOUSELF

1 DIE TEENWOORDIGE DEELWOORD:

loop; werk; sit; lees; praat; lek; verbaas; braai; verveel; bloei; oplet

2 DIE VERLEDE DEELWOORD (SWAK):

breek; skink; skrik; lees; verbaas; braai; sny; trou; inlê; kraak; verwoes

3 DIE VERLEDE DEELWOORD (STERK):

breek; doen; suip; voorskryf; vries; opwen; uitsterf; onverskrik

4 WATTER GELUIDE MAAK DIE DIERE?

ape
bere
katte
honde
leeus
skape
renosters









lopende; werkende; sittende; lesende; pratende; lekkende; verbasende; braaiende; vervelende; bloeiende; oplettende

gebreekte; geskinkte; verskrikte; geleesde; verbaaste; gebraaide; gesnyde; getroude; ingelegde; gekraakte; verwoeste

gebr**o**ke; ged**a**ne; bes**o**pe; voorgeskr**e**we; bevr**o**re; opgew**o**nde; uitgest**o**rwe; onverskr**o**kke

babbel
brom
miaau
blaf
brul
blêr
snork

# 5.3 WERKWOORDE

## 5.3.1 SELFSTANDIGE WWe.

| TEENWOORDIGE | VERLEDE | TOEKOMENDE TYD |
|---|---|---|
| lag | het gelag | sal lag |
| is | was | sal wees |
| het | het gehad | sal hê |
| word | het geword | sal word |
| onthou | het onthou | sal onthou |
| beteken | het beteken | sal beteken |
| skyn | het geskyn | sal skyn |
| lê en slaap | het gelê en slaap | sal lê en slaap |
| was en stryk | het gewas en gestryk | sal was en stryk |
| sien staan | het sien staan | sal sien staan |

WERKWOORDE WAT BEGIN MET BE- GE- HER- ER- ONT- EN VER-, KRY GEEN **GE-** IN DIE VERLEDE TYD NIE!

# WERKWOORDE (VERVOLG)

## 5.3.1.1 SKEIBARE WWe

| WW. | TEENW. TYD | VERLEDE TYD | TOEK. TYD |
|---|---|---|---|
| oortrek | Ek trek oor | Ek het oorgetrek | Ek sal oortrek |
| optel | Ek tel op | Ek het opgetel | Ek sal optel |
| gelukwens | Ek wens geluk | Ek het gelukgewens | Ek sal gelukwens |
| aandra | Ek dra aan | Ek het aangedra | Ek sal aandra |

## 5.3.1.2 ONSKEIBARE WWe

| | | | |
|---|---|---|---|
| omhels | Ek omhels hom | Ek het hom omhels | Ek sal hom omhels |
| onderrig | Ek onderrig jou | Ek het jou onderrig | Ek sal jou onderrig |
| aanvaar | Ek aanvaar dit | Ek het dit aanvaar | Ek sal dit aanvaar |
| misluk | Ek misluk | Ek het misluk | Ek sal misluk |

Nes wwe wat begin met be-; ge-; her-; er-; ont- en ver-, kry ON-SKEIBARE WWe OOK NIE 'N **GE-** in die verlede tyd nie!

# Onskeibare werkwoorde (vervolg)

Daar is ’n paar uitsonderings: die volgende werkwoorde (ook onskeibare werkwoorde) kry WEL ’n **GE-** in die verlede tyd:

waarborg: Hulle het hulle werk gewaarborg

rangskik: Sy het die blomme gerangskik

glimlag: Sy het mooi geglimlag

baljaar: Ons het in die see gebaljaar

raadpleeg: Hulle het my altyd geraadpleeg

SOMMIGE WERKWOORDE KAN AS **SKEIBARE EN ONSKEIBARE** WERKWOORDE GEBRUIK WORD, MAAR DAN ALTYD MET ’N VERSKIL IN BETEKENIS:

Ek het sy aanbod aanvaar (onskeibaar)

Die boot het oor die see aangevaar (skeibaar)

# 5.3.2 HULPWERKWOORDE

## 5.3.2.1 HULPWERKWOORD VAN TYD (HET en SAL)

**Waarom is daar 3 tye in Afrikaans, maar net 2 hulpwerkwoorde van tyd?**

**Omdat die TEENWOORDIGE TYD nie `n hulpwerkwoord gebruik nie:**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ek** | **lees** | **`n** | **boek** | **by** | **die** | **huis.** | |
| **Vnw.** | **Ww.** | **Lidw.** | **Soortnaam** | **Voors.** | **Lidw.** | **Soortnaam** | |
| **Ek** | **het** | **`n** | **boek** | **by** | **die** | **huis** | **gelees.** |
| **Vnw.** | **Hulpww.** | **Lidw.** | **Soortnaam** | **Voors.** | **Lidw.** | **Soortnaam** | **Ww.** |
| **Ek** | **sal** | **`n** | **boek** | **by** | **die** | **huis** | **lees.** |
| **Vnw.** | **Hulpww.** | **Lidw.** | **Soortnaam** | **Voors.** | **Lidw.** | **Soortnaam** | **Ww.** |

# HULPWERKWOORDE (vervolg)

5.3.2.2 HULPWERKWOORDE VAN VORM (IS en WORD)

Ons gebruik hierdie hulpwerkwoorde in die LYDENDE VORM:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Die boek | word | deur die seun | gelees. | |
| O | * | deur S | * | |
| | | | | |
| Die boek | is | deur die seun | gelees. | |
| O | * | deur S | * | |
| | | | | |
| Die boek | sal | deur die seun | gelees | word. |
| O | is alreeds | deur S | * | * |

`n hulpww. van <u>tyd</u>

# HULPWERKWOORDE (vervolg)

5.3.2.3 HULPWERKWOORDE VAN MANIER/WYSE:

KAN (KON); WIL (WOU); MOET (MOES); MAG; SAL (SOU) – dit is nie dieselfde as die hulpww. van tyd nie!

Ek kan die werk doen.

Ek kon die werk doen./Ek kon die werk gedoen het.

Ek sal die werk kan doen.

LYDENDE VORM:

Die werk kan deur my gedoen word. Geen is nie!

Die werk kon deur my gedoen word.

Die werk sal deur my gedoen kan word.

# 5.3.3 KOPPELWERKWOORDE

- is; lyk; skyn; blyk; heet; word; <u>voor</u>kom; voel; bly
- Hulle is die ENIGSTE werkwoorde in die sin.
- Hulle het iets nodig waaraan hulle GEKOPPEL kan word:

Hy is siek. (”siek” is ’n predikatiewe b.nw.)

Hy is. *This sentence does not exist (out of context)*

Ma voel hartseer. (”hartseer” is ’n pred. b.nw.)

Ma voel. *This sentence does not exist (out of context)*

IS = am; LYK, SKYN, BLYK = look; HEET = named; WORD = to become; VOORKOM = seems to be; VOEL = to feel; BLY = to remain

Die woord wat volg op ’n koppelwerkwoord is ’n BYVOEGLIKE NAAMWOORD en <u>NIE</u> ’N WERKWOORD NIE.

# FUNKSIES VAN WERKWOORDE:

**TYE:**

1. Teenwoordige tyd = present tense = lag
2. Verlede tyd = past tense = het gelag
3. Toekomende tyd = future tense = sal lag

Jy gebruik hierdie drie tye in die BEDRYWENDE (S*TOMP*I) en in die LYDENDE (O*T deurSMP*I) VORM.

Die bedrywende (active voice) vorm gebruik ons die meeste, want dit is minder formeel.

S = subject ( the thing that does the verb)

* = first verb (aux verb for past and future tense)

T = time

O = object (the thing that the verb is done to)

M = manner

P = place

* = rest of the verb in past and future tense

I = infinitive

# YE wat partykeer pla

BEDRYWENDE VORM: ACTIVE VOICE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Teenwoordige tyd: | is | word | het |
| Verlede tyd: | was | het geword | het gehad |
| Toekomende tyd: | sal wees | sal word | sal hê |

NORMAALWEG:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| lees | eet | begin | probeer | optel | aanvaar |
| het gelees | het geëet | het begin | het geprobeer | het opgetel | het aanvaar |
| sal lees | sal eet | sal begin | sal probeer | sal optel | sal aanvaar |

lees: selfstandige werkwoord: grootste groep werkwoorde lyk so

eet: selfstandige werkwoord – kyk na spelling van ”geëet”

begin: selfstandige werkwoord – maar begin met BE-

probeer: vroeër kon jy NIE ’n ge- vooraan wwe met ’n –eer skryf nie: het nou verander

optel: skeibare selfstandige naamwoord

aanvaar: onskeibare selfstandige naamwoord

Alle werkwoorde wat begin met be- ge- her- er- ont- en ver- kry GEEN ge- nie; ook nie onskeibare werkwoorde nie.

# TOETS JOUSELF

1. Skryf in die verlede tyd:

Ek het ’n nuwe fiets.

Ek is ’n baie stoute leerder.

Ek tel die papiere op.

Ek aanvaar jou voorstel. (accept)

Ek wil die kos eet.

Ek wil die kos eet. (maar ek het nie)

Ek word deur die onderwyser gestraf.

Ek ontmoet elke dag nuwe mense.

Jy moet jou skoene aantrek. (maar jy het nie)

Jy moet jou skoene aantrek.

Ek het nie genoeg geld nie.

Ek voel baie siek.

Ek word ’n ryk sakeman.

Ons gesels tog so lekker.

Ons verkoop ons ou strandhuis.

Ek het ’n nuwe fiets gehad.

Ek was ’n baie stoute leerder.

Ek het die papiere opgetel.

Ek het jou voorstel aanvaar.

Ek wou die kos eet.

Ek wou die kos geëet het.

Ek is deur die onderwyser gestraf.

Ek het elke dag nuwe mense ontmoet.

Jy moes jou skoene aangetrek het.

Jy moes jou skoene aantrek.

Ek het nie genoeg geld gehad nie.

Ek het baie siek gevoel.

Ek het ’n ryk sakeman geword.

Ons het tog so lekker gesels.

Ons het ons ou strandhuis verkoop.

# TOETS JOUSELF (vervolg)

2. Skryf in die toekomende tyd:

Ek is baie siek.
Ek het 'n nuwe boek gekoop.
Die boek is deur die klas gelees.
Ek word 'n onderwyser.
Ek beplan die sporttoer.
Ek word gou kwaad.
Ek het die papiere opgetel.
Jy moet jou skoene aantrek.
Ek moet die werk doen.
Ek doen die werk dadelik.
Die olifant drink die water.
Ek het die werk verstaan.
Ek ontmoet baie nuwe mense.
Ek is geïnteresseerd in die werk.
Jy moet die deur toemaak!
Ek het nie tyd om die werk te doen nie.

Ek sal baie siek wees.
Ek sal 'n nuwe boek koop.
Die boek sal deur die klas gelees word.
Ek sal 'n onderwyser word.
Ek sal die sporttoer beplan.
Ek sal gou kwaad word.
Ek sal die papiere optel.
Jy sal jou skoene moet aantrek.
Ek sal die werk moet doen.
Ek sal die werk dadelik doen.
Die olifant sal die water drink.
Ek sal die werk verstaan.
Ek sal baie nuwe mense ontmoet.
Ek sal baie in die werk geïnteresseerd wees.
Jy sal die deur moet toemaak!
Ek sal nie die tyd hê om die werk te doen nie.

# TOETS JOUSELF (vervolg)

3. Skryf in die teenwoordige tyd:

Ek sal baie hard werk.
Ek was baie siek.
Ek het 'n nuwe fiets gehad.
Ek het 'n onderwyser geword.
Die boek sal gelees word.
Ek het die papiere opgetel.
Ek sal nooit siek word nie.
Ek sal die vakansie beplan.
Die werk is deur die kinders gedoen.
Ek het nie die werk gedoen nie.
Ek het baie geld gehad.
Ek het sy voorstelle aanvaar.
Ek sal hom nooit verstaan nie!

Ek werk baie hard.
Ek is baie siek.
Ek het 'n nuwe fiets.
Ek word 'n onderwyser.
Die boek word gelees.
Ek tel die papiere op.
Ek word nooit siek nie.
Ek beplan die vakansie.
Die werk word deur die kinders gedoen.
Ek doen nie die werk nie.
Ek het baie geld.
Ek aanvaar sy voorstelle.
Ek verstaan hom nooit nie!

# DIE LYDENDE VORM: PASSIVE VOICE

S*TOMP*I in die bedrywende vorm (active voice), word nou:

O*TdeurSMP*I in die lydende vorm (passive voice)

Ons kan NIE net die O en die S omruil nie, want dan sê ons iets soos:

Die leeu eet my > Ek eet die leeu X

Ons moet dus die ONDERWERP en die VOORWERP omruil EN die werkwoorde verander na die volgende:

LYDENDE VORM:

Teenwoordige tyd: WORD GELEES

Verlede tyd: IS GELEES

Toekomende tyd: SAL GELEES WORD

Die leeu eet my > Ek word deur die leeu geëet.

Die kinders skop die bal > Die bal word deur die kinders geskop.

ONTHOU: Alle werkwoorde wat begin met be-; ge-; her-; er-; ont-; en ver- kry geen ge- nie! Ook nie ONSKEIBARE werkwoorde nie.

# BEDRYWENDE EN LYDENDE VORMS

TYE:

| | | |
|---|---|---|
| TEENW. | SING | WORD GESING |
| VERL. | HET GESING | IS GESING |
| TOEK. | SAL SING | SAL GESING WORD |

Die kinders sing die liedjie > Die liedjie word deur die kinders gesing.
Die kinders het die liedjie gesing > Die liedjie is deur die kinders gesing.
Die kinders sal die liedjie sing > Die liedjie sal deur die kinders gesing word.

Die onderwyser <u>ont</u>moet die ouers > Die ouers word deur die onderwyser <u>ont</u>moet.
Die onderwyser het die ouers <u>ont</u>moet > Die ouers is deur die onderwyser <u>ont</u>moet.
Die onderwyser sal die ouers <u>ont</u>moet > Die ouers sal deur die onderwyser <u>ont</u>moet word.

# VOORBEELDE UIT DIE MATRIEKVRAESTELLE

1. Julle moet kinders met ’n lekkerny bederf.
2. Babsie het die aandete verbrand.
3. Hulle vee die strate van bo tot onder.
4. Die leiers van die gemeenskap het hierdie aksie ondersteun.
5. Selfbeeldprobleme veroorsaak alkoholmisbruik.
6. Navorsing het die redes vir alkoholmisbruik uitgewys.
7. Ou mense glo fabels.
8. ’n Fisioterapeut gee ’n goeie oefenprogram.

- Kinders moet met ’n lekkerny bederf word.
- Die aandete is deur Babsie verbrand.
- Die strate word van bo tot onder deur hulle gevee.
- Hierdie aksie is deur die leiers van die gemeenskap ondersteun.
- Alkoholmisbruik word deur self-beeldprobleme veroorsaak.
- Die redes vir alkoholmisbruik is deur navorsing uitgewys.
- Fabels word deur ou mense geglo.
- ’n Goeie oefenprogram word deur ’n fisioterapeut gegee.

# 5.4 VOORNAAMWOORDE

5.4.1 PERSOONLIKE VNW.: ek, hy, sy, jy, julle, ons, hulle, dit, u

5.4.2 BESITLIKE VNW.: my, sy, haar, jou, julle; julle s'n; hulle; hulle s'n; u s'n; Pa se

*Kyk na die verskil tussen SY as 'n persoonlike vnw.: Sy gaan dorp toe (female)*

*SY as 'n besitlike vnw.: Dit is sy boek (male)*

5.4.3 VRAENDE VNW.: Wanneer; waar; waarin; waarmee; waarom; wie; met wie?

5.4.4 BETREKLIKE VNW.: Vir mense gebruik ons die volgende:

op = op wie  met = met wie  in = in wie  deur = deur wie  vir = vir wie

whose = wie se  that = wat  *NOOIT "WIE" OP SY EIE NIE*

Vir dooie dinge en diere gebruik ons die volgende:

op = waarop  met = waarmee  in = waarin  deur = waardeur  vir = waarvoor

whose = waarvan  that = wat

VOORBEELDE:

Die stoel is gebreek. Ek sit op die stoel . Die stoel waarop ek sit, is gebreek.

Die man is my oom. Die man staan daar. Die man wat daar staan, is my oom.

Die motor staan hier. Die motor se wiele is pap. Die motor waarvan die wiele pap is, staan hier.

# VUL DIE ONTBREKENDE VNWe IN:

1. Ek het my boek. Die boek is ....
2. Is dit ...., Meneer?
3. Die boom ..... ons sit, is groot.
4. Die ma, ..... dogter siek is, is hier.
5. Die dokter ..... daar staan, is siek.
6. Die lamp .... die voetstuk stukkend is, is by Janet.
7. Dis nie joune nie, dis my oom .....
8. Die skip het met .... kaptein gesink.
9. Die hotel ..... ek bly, is duur.
10. Die persoon ..... ek vertrou, is weg.
11. Die tonnel .... motors ry, is nuut.
12. Die siekte .... hy ly, is ernstig.
13. Jy ken die man .... ek praat.
14. Ek het die pille .... ek nie kan leef nie.
15. Die fiets .... die band pap is, is hier.

1. myne
2. u s'n
3. waaronder
4. wie se
5. wat
6. waarvan
7. s'n
8. sy
9. waarin
10. op wie
11. waardeur
12. waaraan
13. van wie
14. waarsonder
15. waarvan

# 5.5 BYWOORDE

5.5.1 BYWOORDE VAN TYD: pas, nou, netnou, môre, eergister, nou-nou, binnekort

5.5.2 BYWOORDE VAN PLEK: onder, bo, binne-in, buite, binne, langsaan, oorkant

5.5.3 BYWOORDE VAN MANIER: vinnig, stadig, lui, goed, sleg, deeglik, lag-lag, mooi

BYWOORDE vertel jou meer van WERKWOORDE – dit vertel jou wanneer iets gebeur het, waar iets gebeur het, hoe iets gebeur het.

Kyk of jy die verskil kan sien tussen die predikatiewe b.nw. en die bywoorde van tyd, plek of manier:

1. Ek voel **siek**.
2. Ek het **gister** die werk gedoen.
3. Ek is **stout**.
4. Ek sing **pragtig**.
5. Ek loop **vinnig**.
6. Ek bly **daar**.
7. Ek bly **ongesond.**
8. Ek sal jou **binnekort** sien.
9. Dit lyk **lelik**.
10. Ek bly **langsaan** die poskantoor.

# 5.6 VOEGWOORDE

Voegwoorde word gebruik om twee of meer sinne bymekaar te voeg. Ons het drie groepe voegwoorde:

GROEP 1: As jy hierdie voegwoorde gebruik het, is die woordorde ná die voegwoord dieselfde as met S*TOMP*I; m.a.w. daar is GEEN verandering in die woordorde nie.

VOORBEELD: Ek bly by die huis. Ek is siek. (want) Ek bly by die huis want ek is siek.

GROEP 2: Nadat jy die voegwoorde gebruik het, verander die woordorde ná die voeg-woord so: *STOMP*I; m.a.w. die S en die * ruil plekke om.

VOORBEELD: Ek is siek. Ek bly by die huis. (dus) Ek is siek; dus bly ek by die huis.

* S

GROEP 3: Nadat jy die voegwoorde gebruik het, verander die woordorde ná die voeg-woord so: STOMP**I; m.a.w. die eerste ww. skuif na die einde van die sin, na waar die tweede ww. is.

VOORBEELD: Ek bly tuis. Ek het nie geld gebring nie. (omdat) Ek bly tuis, omdat ek nie geld gebring het nie.

* *

Ek betaal die rekening. Ek sal geld saambring. (aangesien) Ek betaal die rekening aangesien ek geld sal saambring.

* *

# TOETS JOUSELF

1. Ek wil rus. Ek is baie moeg. (aangesien)
2. Ek is moeg. Ek wil rus. (daarom)
3. Ek is moeg. Ek wil rus. (dus)
4. Ek wil rus. Ek is moeg. (want)
5. (Omdat) Ek is moeg. Ek wil rus.
6. Ek het nie geld nie. Ek bly tuis. (derhalwe)
7. Sy is siek. Ek is baie moeg. (en)
8. (Hoe) Ek eet baie. (Hoe) Ek tel baie gewig op.
9. Jy kan aan sport deelneem. Jy is gestrem. (al)
10. My onderwyser raas met my. My ouers raas met my. (sowel as)
11. Julle het truie aangetrek. Dit was yskoud. (dus)
12. Julle kan uitgaan. Julle werk is gedoen. (mits)
13. Julle kan uitgaan. Julle werk is nie gedoen nie. (tensy)

1. Ek wil rus, aangesien ek baie moeg is.
2. Ek is moeg; daarom wil ek rus.
3. Ek is moeg; dus wil ek rus.
4. Ek wil rus want ek is moeg.
5. Omdat ek moeg is, wil ek rus.
6. Ek het nie geld nie; derhalwe bly ek tuis.
7. Sy is siek en ek is baie moeg.
8. Hoe meer ek eet, hoe meer gewig tel ek op.
9. Jy kan aan sport deelneem; al is jy gestrem.
10. My onderwyser, sowel as my ouers, raas met my.
11. Dit was yskoud; dus het julle truie aange-trek.
12. Julle kan uitgaan, mits julle werk gedoen is.
13. Julle kan uitgaan, tensy julle werk nie ge-doen is nie.

# 5.7 LIDWOORDE

Daar is eintlik net twee lidwoorde waarmee ons gereeld werk: ”die” (die bepaalde lidw.) en ”’n” (die onbepaalde lidw.)

’n Derde groep is verouderde vorme van die lidwoorde uit Nederlands, bv.:

**ter** wêreld

**te** voet

**ten** spyte van

der; den; des; is nog ’n paar voorbeelde

Kyk na die verskil in betekenis:

Op die skool/Op skool wees

Hy soek vrou/Hy soek die vrou

Op kantoor/Op die kantoor

Die volgende is belangrik: ’n Paar gevalle waar die lidwoord MOET gebruik word – anders as in Engels:

**Die** meeste mense ....

In **die** medisyne studeer ....

**Die** pryse is te hoog ....

**Die** kinders is by die skool ....

In **die** lente/somer/winter/herfs ....

In **die** toekoms ....

Ons is maar bang vir **die** dood ....

Sy is lief vir **die** lewe ....

Hy glo sy ma is in **die** hemel ....

Sy is in **die** moeilikheid ....

Ontmoet my agter **die** skool ....

# 5.8 VOORSETSELS

LEER DIE VOLGENDE:

1. Ek neem deel **aan** sport.
2. Ek stel nie belang **in** sport nie.
3. Ons gaan môre **met** vakansie.
4. Die bord hang **teen** die muur.
5. Ek wil **na** skool gaan swem.
6. Ontmoet my **agter** die skool.
7. Ek is kwaad **vir** jou.
8. Doen aansoek **om** 'n pos.
9. Ons reis **per** motor, bus, trein.
10. Ek luister **na** jou.
11. Klop **aan** die deur.
12. **Teen** die tyd weet jy mos!
13. Ek is verlief **op** Ruan.
14. Ek is verloof **aan** Johan.
15. Ek is getroud **met** Andy.
16. Ek is geskei **van** Alan.
17. Ten spyte **van** sy hulp, het ek gefaal.
18. **Teen** sesuur moet ons klaar wees.
19. Ek is **in** die wolke **oor** die geld.
20. Ek sien uit **na** die partytjie.
21. Ek is verbaas **oor** die baie boeke.
22. Ek is nog **op** skool.
23. Die man staan **op** die skool.
24. Skaam jy jou nie **vir** jouself nie?
25. Sy woon **op** 'n klein dorpie.
26. Hy woon **in** 'n groot stad.
27. Jy lag **oor** 'n grap.
28. Jy verlang **na** jou maat.
29. Ek rook al **van** jongs af.
30. Ek vra **uit** nuuskierigheid.
31. Jy aard **na** jou pa.
32. Julle moet betyds **om** hulp roep.
33. Die skool begin **om** agtuur.

# 5.9 UITROEPE



| | | |
|---|---|---|
| 1. Eina! | pain | Eina! My voet is seer. |
| 2. Hoera! | excited | Hoera! Dis vakansie. |
| 3. Ag nee! | disappointed | Ag nee, die pop is heeltemal gebreek! |
| 4. Wie, ek? | surprised | Wie, ek? Ek was nie daar nie. |
| 5. O, Aarde! | upset | O, Aarde, wat gaan ons doen? |
| 6. Sies tog! | sympathetic | Sies tog, die katjie is klein. |
| 7. Nooit! | surprised | Nooit! Jy jok vir my! |
| 8. Asseblief! | polite | Asseblief! Antwoord die foon. |
| 9. Dankie! | appreciative | Dankie, bring die boek hier. |
| 10. Ja! | confirming | Ja! Ek wil graag saam met jou koffie drink. |
| 11. Nee! | denying | Nee! Ek het jou nie gehoor nie. |
| 12. Ai! | depressed | Ai! Dis jammer ons moet bly. |
| 13. Gmmf! | disbelief | Gmmf! Ek glo dit nie. |
| 14. Ekskuus! | sorry | Ekskuus! Ek sal nie weer nie. |
| 15. So ja! | satisfied | So ja! Nou is ons werk klaar. |

# TOETS JOUSELF

1. Vnwe.

Vul die ontbrekende voornaamwoorde in:

1.1 Ek kan nie ......... die pille lewe nie.
1.2 Die boek is my ma .......... .
1.3 Sy het vir ........'n boek gekoop waarvan ............. hou.
1.4 Pa, het ....... R500 om vir my te leen, asseblief?
1.5 Die motor, ........... die wiel pap is, staan om die draai.
1.6 ..... ...... boeke is dit?
1.7 Die vrou, ....... ...... dogter siek is, is hier.
1.8 ......... het die skool vir die eerste keer oopgemaak?
1.9 ........ het die blomme gebring?
1.10 Die man ..... ....... ek vertrou, wag vir my tuis.
1.11 Die vrou ....... daar staan, is my tannie.
1.12 Die meisie ...... ..... ek staan, is baie mooi.
1.13 ......... doen jy nou eers jou huiswerk?
1.14 Die fiets ..... stukkend is, kan reggemaak word.
1.15 Die boek is ........., David!

1.1 sonder
1.2 s'n
1.3 haar; sy
1.4 u
1.5 waarvan
1.6 Wie se
1.7 wie se
1.8 Wanneer
1.9 Wie
1.10 op wie
1.11 wat
1.12 langs wie
1.13 Waarom
1.14 wat
1.15 joune

# TOETS JOUSELF (2)

**2. BYWOORDE:**

Vul die korrekte bywoorde van tyd, plek en manier in:

2.1 Ek sal jou .......... sien. (pas; gister; onlangs; binnekort)

2.2 Ons speel .......... die huis. (in; binne; agter; om)

2.3 Hy speel die harp .......... . (goed; eergister; binnekort)

GEE EEN WOORD VIR:

2.4 in die nagte

2.5 elke week

2.6 hierdie dag

2.7 twee dae gelede

2.8 op die regte tyd

2.9 al die tyd

2.10 op geen tyd nie

2.11 hierdie dae

2.12 op dieselfde tyd

2.13 in min woorde

2.14 dit is verseker

2.15 nie ver hiervandaan nie

DEESDAE NABY TERSELFDERTYD ALTYD WEEKLIKS VANDAG NOOIT KORTLIKS DEFINITIEF EERGISTER BETYDS SNAGS

2.1 binnekort

2.2 binne

2.3 goed

2.4 snags

2.5 weekliks

2.6 vandag

2.7 eergister

2.8 betyds

2.9 altyd

2.10 nooit

2.11 deesdae

2.12 terselfdertyd

2.13 kortliks

2.14 definitief

2.15 naby

# TOETS JOUSELF (3)

3. LIDWOORDE:

3.1 Verduidelik die verskil tussen:

3.1.1 op skool /op die skool

3.1.2 op kantoor / op die kantoor

3.1.3 ek soek vrou / ek soek die vrou

3.2 Watter taalfout is daar in:

3.2.1 Meeste mense weet nie .....

3.2.2 Pryse is deesdae te hoog.

3.2.3 Sy is moeg van lewe.

3.2.4 Hy is bang vir dood.

3.2.5 Die kinders is by skool.

3.2.6 In herfs reën dit al minder.

4. VOORSETSELS:

Vul die ontbrekende voorsetsels in:

4.1 Ek luister graag ... musiek.

4.2 Ek wil ... skool gaan sokker speel.

4.3 Ontmoet my ... skool .... die gebou.

4.4 Ek sien jou ... 'n rukkie.

4.5 ... die tyd moet jy die werk ken.

4.6 Sy is verlief ... hom.

4.7 Hy is verloof ... haar.

4.8 Sy is getroud ... hom.

4.9 Hulle is geskei ... mekaar.

4.10 Ons is nou ... vakansie.

4.11 Ek wil inteken ... die tydskrif.

4.12 Ek is ... die wolke!

4.13 Ons hoop maar ... beter dae.

4.14 Sy is kwaad ... haar pa.

4.15 Sy glo ..... spoke.

4.16 Hy glo ..... God.

4.17 Dag ... dag werk ons hard.

4.18 Ek sien uit .... die partytjie.

4.19 Ek is skaam ... jou.

4.20 Sy rook al ... jongs af.

# 5.10 TELWOORDE

**5.10.1 HOOFTELWOORDE:**

**BEPAALDE HOOFTELWOORDE:** een, twaalf, veertien, veertig, honderd en een, …

**ONBEPAALDE HOOFTELWOORDE:** min, baie, veel, vele, talle, klomp, …

**5.10.2 RANGTELWOORDE:**

**BEPAALDE RANGTELWOORDE:** eerste, vierde, twintigste, drie en dertigste, …

**ONBEPAALDE RANGTELWOORDE:** laaste, middelste, minste, hoeveelste, …

AFSTAND, MASSA en MATE = enkelvoud, bv.: 50 kilometer, twintig ton, tien meter

UUR en JAAR = enkelvoud, bv.: tien jaar, twee uur, …

AS DIT SONDER ’N TELWOORD IS, GEBRUIK JY DIE MEERVOUD!

Ons sukkel al <u>jare</u>; dit het <u>ure</u> geneem, die rok is <u>sentimeters</u> te kort!

AS JY DIE URE EN JARE WIL BEKLEMTOON, GEBRUIK JY DIE MEERVOUD:

Hy was vir 20 jare in die tronk! Ons het vier ure gewag vir die ambulans.

OPPAS: vier; veertien; vier en veertig; vyf; twaalf; vyftig; honderd en veertig; ag/agt; tagtig

# TOETS JOUSELF

## 1. TELWOORDE:

SKRYF DIE VOLGENDE TELWOORDE VOLUIT:

1. 4
2. 14
3. 40
4. 44
5. 50
6. 12
7. 11
8. 100
9. 114
10. 55
11. 500
12. 555
13. 24
14. 80

vier
veertien
veertig

vier en veertig
vyftig
twaalf
elf
'n honderd

'n honderd en veertien
vyf en vyftig
vyfhonderd
vyfhonderd vyf en vyftig

vier en twintig
tagtig

## 2. KIES DIE KORREKTE ANTWOORD:

1. Ek wag al (uur; ure) vir jou!
2. Ek is 58 (jare; jaar) oud.
3. Hy sit al vir 8 (jaar; jare) in die tronk.
4. Dit het (uur; ure) geneem.
5. Ek woon al 'n paar (jaar; jare) hier.
6. Ek bly 'n paar (maand; maande) hier.
7. Die trein kom (twee ure; twee uur; twee-uur).
8. Dis al (ses uur; sesuur; ses-uur).
9. Ons het nog baie (sentimeter; senti-meters) materiaal nodig.
10. Jy het my drie (uur; ure) laat wag!
11. Die vrag weeg twintig (tonne; ton).
12. Die dorpie is 50 (kilometer; kilometers) ver.
13. Jy sal nog so drie (duim; duime) groei.

# TOETS JOUSELF: WOORDSOORTE

**Gee die woordsoort van ELKE WOORD:**

Die
man
met
die
lang
hare
het
’n
bal
in
die
park
geskop.



bepaalde lidwoord
soortnaam; gewone s.nw.
voorsetsel
bepaalde lidwoord
attributiewe b.nw.
soortnaam
hulpwerkwoord van tyd
onbepaalde lidwoord
soortnaam
voorsetsel
bepaalde lidwoord
soortnaam
hoofwerkwoord; selfstandige werkwoord

# TOETS JOUSELF: S*TOMP*I

**Verdeel die volgende sin in S*TOMP*I:**



**Die man met die lang hare het twee dae gelede ’n bal vinnig agter die huis in die park ge-skop om te wys dat hy sokker kan speel.**



**Die fietsryer met die geel trui het ’n paar weke gelede ’n vreeslike ongeluk op die bergpad veroorsaak om eerste te kom.**



**Die klein meisietjie sal môre die katjie na die veearts neem om seker te maak dit is gesond.**

S = Die man met die lang hare
* = het
T = twee dae gelede
O = ’n bal
M = vinnig
P = agter die huis in die park
* = geskop
I = om te wys dat hy sokker kan speel.

S = Die fietsryer met die geel trui
* = het
T = ’n paar weke gelede
0 = ’n vreeslike ongeluk
P = op die bergpad
* = veroorsaak
I = om eerste te kom.

S = Die klein meisietjie
* = sal
T = môre
O = die katjie
P = na die veearts
* = neem
I = om seker te maak dit is gesond.

# 6. WOORDVORMING

**1. SAMESTELLINGS:**

Ons vorm nuwe woorde in Afrikaans deur twee of meer woorde wat reeds bestaan, bymekaar te voeg:

1.1 Partykeer is daar GEEN "gom" nie:

jas + sak = jassak (TWEE s'e)

klas + kamer = klaskamer

tafel + doek = tafeldoek.

lap + pop = lappop (TWEE p's)

1.2 Onthou dat die voegsels wat tussenin kom, is NIE meervoude nie – dis slegs die "gom" wat die twee woorde (of meer) bymekaarhou:

dier + tuin = dieretuin

lewe + geskiedenis = lewensgeskiedenis

skip + kaptein = skeepskaptein

volk + lied = volkslied

kind + speletjies = kinderspeletjies

eet + tyd = etenstyd

kop + ent = koppenent

voet + ent = voetenent

**2. AFLEIDINGS:**

Deur voorvoegsels, agtervoegsels (of albei) en klankwisseling (die verandering van die stamklinker) vorm ons ook nuwe woorde:

VOORVOEGSELS: BE-, GE-, HER-, ER-, ONT- en VER-, bv.:

GAAN: begaan, vergaan, ontgaan, gegaan

KEN: beken, geken, herken, erken, ontken en verken, .....

AGTERVOEGSELS: -LIK, -ING, -LOOS, -HEID, -BAAR, -AARD, -TE, -EER, bv.:

moontlik; verbasing; kinderloos, moeilikheid; onuithoubaar; dronkaard; diepte, inspekteer, .....

KLINKERWISSELING/METAMORFEME:

sing = sang; skiet = skoot; drink = drank; sny = snit; help = hulp; sluit = slt; ruik = reuk; ry = rit, .....

'n KOMBINASIE:

onaanvaarbaar; dronkenskap; magteloosheid; verwydering; onbeholpenheid .....

# TOETS JOUSELF: WOORDVORMING

## 1. SAMESTELLINGS:

1.1 elektrisiteit + rekening
1.2 lewe + versekering
1.3 kind + siektes
1.4 hemel + hoog
1.5 kos + skaarste
1.6 mou + gat
1.7 speld + kussing
1.8 held + daad
1.9 skip + vaart
1.10 wêreld + goed
1.11 kind + klere
1.12 pak + kamer
1.12 venster + ruit
1.13 onderwyser + kamer
1.14 vriendskap + band
1.15 lewe + lank

## 2. AFLEIDINGS:

2.1 (melodie) stem
2.2 (seks) verhouding
2.3 ’n (lui)
2.4 ’n lang (vlieg) per vliegtuig
2.5 die snaakse (ruik)
2.6 ’n (skiet) afvuur
2.7 (finansie) probleme
2.8 skree om (help)
2.9 ’n (misluk)
2.10 Die (Kaap) is gelukkige mense.
2.11 Die (Suid-Afrika) speel goeie rugby.
2.12 ’n (aggressie) houding
2.13 Ons moet die werk (maklik).
2.14 Ons moet die werk (beter).
2.15 (tradisie) musiek
2.16 Ek het hom nie (ken) nie – hy’s oud!

# FLEKSIEMORFEME

Ons kry fleksiemorfeme in die volgende gevalle:

- meervoude: leerders; vroue; kamers
- verkleining: meisietjie; briefie;
- verlede tyd: geloop – NIE gesels nie
- trappe van vergelyking: losste; erger
- verbuiging van b.nwe: goeie

Onthou om hulle nie te verwar met die voorvoegsels, agtervoegsels en metamorfeme waarvan jy geleer het nie.

**Gee die korrekte vorm van die volgende woorde:**

1. **Die (Amerika) is onbeskof.**
2. **Dit is ’n ou (Skotland) gebed.**
3. **Ek (trou) hom nie met my geld nie.**
4. **Ek hou van al One Direction se (lied).**
5. **Die (Suid-Afrika) volkslied is mooi.**
6. **Dis ’n (rewolusie) idee.**
7. **Hy is te (sentiment).**
8. **Die katjie is baie (speel).**
9. **Wat is die (lank) van die romp?**
10. **Wat is die (breed) van die dam?**
11. **Wat is die (hoog) van die gebou?**
12. **Ek het geen (geld) probleme nie.**
13. **Die (bedrieg) is skuldig bevind.**
14. **(Bedrieg) is ’n kriminele oortreding.**
15. **Hy is baie lief vir ’n paar (drink).**
16. **Al die (stoel) is stukkend.**
17. **Ek het werk toe (loop).**
18. **Die klein (mandjie) is oulik.**
19. **Sy is ’n (besonder) vrou.**
20. **Die heerser is die (wreed) van almal.**

**Watter van bg. is FLEKSIEMORFEME?**

# 7. BETEKENISLEER

**7.1 SINONIEME: woorde wat min of meer dieselfde beteken: chaos = wanorde**

**7.2 ANTONIEME: woorde met die teenoorgestelde betekenis: hoop > wanhoop**

**7.3 PARONIEME: dieselfde stam, ander betekenis: tydelik + tydig**

**7.4 HOMONIEME: dieselfde woord, ander betekenis: leer: kous, opklim, studeer**

**7.5 HOMOFONE: dieselfde klank, ander betekenis: fonds + vonds**

**POLISEMIE is die verskillende gebruike van EEN woord, bv. LEER: Dit kan die volgende beteken:**

- **Leer jou werk – as 'n werkwoord**
- **Daar's 'n leer in my kous – as 'n s.nw.**
- **Die kerk se leer – as 'n s.nw., maar met 'n ander betekenis**
- **Ek klim op 'n leer – as 'n s.nw., maar met nog 'n ander betekenis**
- **Die baadjie is van leer gemaak – ook 'n s.nw., maar nog 'n ander betekenis**
- **Daar is ook idiomatiese uitdrukkings met die woord "leer" daarin:**

  **Al doende leer mens; Die nood leer bid; Die tyd sal leer .....**

# 8. SINSLEER

## 8.1 DIREKTE - EN INDIREKTE REDE:

**Jy verander outomaties tye wanneer jy direkte woorde oorvertel in indirekte rede - Me. Van Zyl het gesê dat ons môre 'n toets gaan skryf.**

**In toetse of eksamens MAG JY NIE TYE VERANDER NIE – as die sin in die verlede tyd is, hou jy dit in die verlede tyd. As dit in die teenwoordige tyd is, hou jy dit in die teenwoordige tyd en as dit in die toekomende tyd is, hou dit in die toekomende tyd.**

### 8.1.1 STELSINNE = statements

Sy sê: "Dit reën nou." > Sy sê dat dit nou reën.

### 8.1.2 VRAAGSINNE = questions

Sy vra: "Reën dit nou?" > Sy vra of dit nou reën.

### 8.1.3 BEVELSINNE = orders

Ma beveel: "Benji, maak jou kamer skoon!" > Ma beveel dat Benji sy kamer moet skoonmaak (OF Ma beveel Benji om sy kamer skoon te maak).

LET WEL: JY HET ELKE KEER VAN 'N GROEP 3 VOEGWOORD GEBRUIK GEMAAK! DIT BETEKEN DAT DIE WERKWOORD ELKE KEER NA DIE EINDE VAN DIE SIN VERSKUIF HET.

# DIREKTE – EN INDIREKTE REDE (VERVOLG)

**WAT IS BELANGRIK IN DIE DIREKTE REDE?**

- Die gebruik van die : wat julle nie in Engels het nie.
- Die aanhalingstekens aan die begin van die woorde.
- Die gebruik van v.nwe en byw. van tyd wat moet verander in die indirekte rede.
- Die gebruik van uitroeptekens of vraagtekens soos nodig.
- Die afsluit van aanhalingstekens aan die einde.

**WAT IS BELANGRIK IN DIE INDIREKTE REDE?**

- Die punktuasie val nou weg: geen : nie.
- Ons gebruik altyd 'n Groep 3 voegwoord (dat; of).
- Dus verskuif die werkwoord altyd na die einde van die sin.
- Daar is nie meer aanhalingstekens nie.

**VOORBEELD:**

Hy vra: "Is jy vandag baie moeg, Josh?"

Hy vra of Josh daardie dag baie moeg is.

# DIREKTE – EN INDIREKTE REDE (VERVOLG)

**WOORDE WAT VERANDER:**

**VOORNAAMWOORDE:**

| | | |
|---|---|---|
| ek, jy | - | hy of sy |
| ons, julle | - | hulle |
| myne, joune | - | syne of hare |
| ons s’n, julle s’n | - | hulle s’n |

**BYWOORDE VAN TYD/PLEK:**

| | | |
|---|---|---|
| vandag, vanjaar | - | daardie dag, daardie jaar |
| volgende jaar, volgende dag | - | die jaar daarna, die dag daarna |
| môre | - | die volgende dag |
| oormôre | - | twee dae later, oor twee dae |
| gister | - | die dag tevore, die vorige dag |
| eergister | - | twee dae tevore, twee dae gelede |
| verlede jaar, verlede week | - | die vorige jaar, die vorige week |
| nou | - | toe |
| hier, hierheen, hiernatoe | - | daar, daarheen, daarnatoe |
| kom | - | gaan |

# TOETS JOUSEFL

1. Alan vra: ”Hoe laat verwag ons jou vandag?”
2. Chrisna roep uit: ”Dit gaan môre reën.”
3. Ma het gesê: ”Ek voel nou moeg en wil gaan slaap.”
4. Die seun vra: ”Moet al die beeste vanaand in die kraal kom?”
5. Pa antwoord: ”Ons moet vandag seker maak dat sy gesond is.”
6. Die onderwyser beveel: ”Maak die venster toe, Jason!”
7. Hy vra: ”Joshua, het jy verlede week die geld inbetaal?”
8. Sy wil weet: ”Wat was die vraag?”

1. Alan vra hoe laat hulle hom/haar daardie dag verwag.
2. Chrisna roep uit dat dit die volgende dag gaan reën.
3. Ma het gesê dat sy toe moeg voel en wil gaan slaap.
4. Die seun vra of al die beeste daardie aand in die kraal moet kom.
5. Pa antwoord dat hulle daardie dag moet seker maak dat sy gesond is.
6. Die onderwyser beveel Jason om die venster toe te maak.
7. Hy vra vir Joshua of hy die vorige week die geld inbetaal het.
8. Sy wil weet wat die vraag was.

# UITROEPE IN DIE INDIREKTE REDE

**Jy kan nie uitroepe net so oorskryf in die indirekte rede nie –**

**Jy gaan tog nie oorvertel aan iemand anders dat Me. Van Zyl gesê het Eina! dat haar voet seer is nie.**

**So jy moet die EMOSIE van die uitroep oordra – is die spreker kwaad, hartseer, verlig, ontsteld, opgewonde, .....**

**VOORBEELDE:**

**Eina! My voet is seer. > Sy sê met 'n uitroep van pyn dat haar voet seer is.**

**Hoera! Dis vakansie! > Sy skree opgewonde dat dit vakansie is. OF**

**Sy skree met 'n uitroep van opgewondenheid dat ....**

**Ag nee! Jy het gedruip! > Sy sê teleurgesteld dat sy/hy gedruip het. OF**

**Sy sê met 'n uitroep van teleurstelling dat ....**

**Ag nee, man! Jy's stout! > Sy skree gefrustreerd dat hy/sy stout is.**

**Sy skree met 'n uitroep van frustrasie dat .....**

**Sies tog! Hy's so oulik! > Sy roep simpatiek uit dat hy so oulik is. OF**

**met 'n uitroep van simpatie**

# TOETS JOUSELF

1. Sy sê: ”Wie, ek? Ek het nie die koppie gebreek nie!”
2. Ma vra: ”O, Aarde, wie het die pen weggegooi?”
3. Hy skree: ”Hoera! Ons het vandag gewen!”
4. ”Ai tog!” sê Pa, ”julle wil altyd net geld hê!”
5. Josh sê: ”Sjoe! Die koek lyk darem lekker!”
6. Pete vra: ”Kan u asseblief vir my sê hoe laat dit is?”
7. Gabi sê: ”Nee, ek het nie die geld ontvang nie.”
8. Shannon vertel: ”So ja, nou kan ons almal lekker rus!”

1. Sy sê onskuldig dat sy nie die koppie gebreek het nie.
2. Ma vra met ’n uitroep van teleur-stelling wie die pen weggegooi het.
3. Hy skree opgewonde dat hulle daar-die dag gewen het.
4. Pa sê ontsteld dat hulle altyd net geld wil hê.
5. Josh sê beïndruk dat die koek darem lekker lyk.
6. Pete vra beleefd of hy/sy vir hom kan sê hoe laat dit is.
7. Gabi sê ontkennend dat sy nie die geld ontvang het nie.
8. Shannon vertel tevrede dat hulle toe almal lekker kan rus.

# SINSLEER (VERVOLG)

## 8.2 ONTKENNENDE VORM

# S * N T O M P * I N

Ons gebruik TWEE nie's om die negatief (die ontkennende vorm) aan te dui:

- Ek het nie my werk gedoen nie.
- Ek het nie gister my werk in die klas gedoen nie.
- Ek sal nie môre my werk vinnig in die klas doen om die onderwyser te help nie.

Ons gebruik wel net EEN nie as daar NET 'N ONDERWERP/WERKWOORD/miskien nog 'n v.nw is:

- Ek slaap nie.
- Hulle werk nie.
- Ek ken hom nie.

Sit die nie in verskillende plekke in die volgende sin en sien watter verskil dit sal maak:

Ek het gister die vis gevang en dit toe weer in die water verloor.

# ONTKENNENDE VORM (VERVOLG)

| WOORDE WAT VERANDER: | |
|---|---|
| iemand | niemand ... nie |
| êrens | nêrens ... nie |
| al êrens | nog nêrens ... nie |
| alreeds/reeds/al | nog nie ... nie |
| alles | niks ... nie/ nie alles .... nie |
| al ooit | nog nooit ... nie |
| iets | niks .... nie |
| nog | nie meer .... nie |
| altyd | nooit ... nie/nie altyd ... nie |
| al iets | nog niks ... nie |
| al baie | nog nie baie ... nie |
| moontlik | nie moontlik .... nie/onmoontlik |
| of ... of | nog ... nog |
| steeds | nie meer ... nie |
| albei | nie albei ... nie |
| heeltemal | glad nie ... nie/nie heeltemal ... nie |
| sowel .... as | nog ... nog |

# TOETS JOUSEL F

1. Die man wat daar loop, is my neef.
2. Kan jy al Afrikaans praat?
3. Ek het al my werk gedoen.
4. Het jy reeds van haar gehoor?
5. Vra vir iemand of jy kan bel.
6. Het iemand al van hom gehoor?
7. Ek is steeds siek.
8. Almal was daar.
9. Het jy al ooit perd gery?
10. Het jy al perd gery?
11. Hy het moontlik genoeg geld.
12. Of ek of jy moet die werk doen.
13. Sowel die leerder as ek is kwaad.
14. My pen lê iewers.
15. Ek besit iets van jou.
16. Asseblief, sit die boek neer!

1. Die man wat daar loop, is nie my neef nie.
2. Kan jy nog nie Afrikaans praat nie?
3. Ek het nog nie my werk gedoen nie.
4. Het jy nog nie van haar gehoor nie?
5. Moenie vir iemand vra of jy kan bel nie.
6. Het niemand nog van hom gehoor nie?
7. Ek is nie meer siek nie.
8. Niemand was daar nie.
9. Het jy nog nooit perd gery nie?
10. Het jy nog nie perd gery nie?
11. Hy het onmoontlik genoeg geld.
12. Nog ek nog jy moet die werk doen.
13. Nog die leerder nog ek is kwaad.
14. My pen lê nêrens nie.
15. Ek besit niks van jou nie.
16. MOET ASSEBLIEF NIE die boek neersit nie!

# BEDRYWENDE EN LYDENDE VORMS

TYE:

| | | |
|---|---|---|
| TEENW. | SING | WORD GESING |
| VERL. | HET GESING | IS GESING |
| TOEK. | SAL SING | SAL GESING WORD |

Die kinders sing die liedjie > Die liedjie word deur die kinders gesing.
Die kinders het die liedjie gesing > Die liedjie is deur die kinders gesing.
Die kinders sal die liedjie sing > Die liedjie sal deur die kinders gesing word.

Die onderwyser ontmoet die ouers > Die ouers word deur die onderwyser ontmoet.
Die onderwyser het die ouers ontmoet > Die ouers is deur die onderwyser ontmoet.
Die onderwyser sal die ouers ontmoet > Die ouers sal deur die onderwyser ontmoet word.

# BETER KOMMUNIKASIE:

1. GROETE (introductions)




| | |
|---|---|
| hello | hallo |
| goodbye | tot siens |
| pleased to meet you | aangename kennis OF bly te kenne |
| good morning | goeiemôre |
| good afternoon | goeiemiddag |
| good evening | goeienaand |
| good night | goeienag |
| how are you? how are things? | hoe gaan dit met jou? hoe gaan dit? |
| go well | mooi loop |
| good luck (with the exams) | voorspoed met die eksamens |
| health/cheers | gesondheid |
| it is going well, thank you | dit gaan goed, dankie |
| they are all well, thanks | hulle is almal gesond, dankie |
| well, thanks, and with you? | goed dankie, en met jou? |
| have you met? | ken julle mekaar? |
| may I introduce you to .... | laat ek .... aan jou voorstel |



# BETER KOMMUNIKASIE (VERVOLG)

2. VERSKONINGS (apologies)

| | |
|---|---|
| pardon? | ekskuus? |
| excuse me, please | verskoon my, asseblief |
| will you forgive me? | sal jy my vergewe? |
| forgive me, please | vergewe my, asseblief |
| I am sorry | Ek is jammer |
| excuse me | ekskuus tog |
| it is a pity | dis jammer |
| it is not my fault | dis nie my skuld nie |
| it will never happen again | dit sal nooit weer gebeur nie |



3. BEDANKINGS (to thank)

| | |
|---|---|
| don’t mention it | nie te danke nie |
| I appreciate it | Ek waardeer dit |
| it is a pleasure | dis ’n plesier |
| thank you | dankie |
| thank you very much | baie dankie |
| thank you for your trouble | dankie vir jou moeite |



# BETER KOMMUNIKASIE (VERVOLG)

**4. UITNODIGING: (invitations)**

| | |
|---|---|
| do you feel like .... | is jy lus vir ....? |
| what do you say we .... | hoe lyk dit met .....? |
| won't you come in? | wil jy nie inkom nie? |
| won't you sit down? | wil jy nie sit nie? |
| I want to invite you to .... | Ek wil jou uitnooi na .... |
| Don't you want to join us? | Wil jy nie saam met ons kom nie? |




**5. GELUKWENSINGE: (congratulations)**

| | |
|---|---|
| everything of the best | alles van die beste |
| congratulations on your ... | veels geluk met jou .... |
| happy birthday | veels geluk met jou verjaardag |
| good luck with the exams | sterkte met die eksamen |
| I'll keep my fingers crossed | Ek sal duim vashou vir .... |
| lots of luck with .... | baie geluk/sterkte met .... |
| success with .... | voorspoed met .... |
| well done .... | knap gedaan/mooi so ..... |



# BETER KOMMUNIKASIE (VERVOLG)

**6. VERTROOSTING: (to comfort)**




| | |
|---|---|
| don't worry | toemaar/moenie bekommerd wees nie |
| it won't hurt | dit sal nie seermaak nie |
| it is not that bad | dit is nie so erg nie |
| it is not the end of the world | dis nie die einde van die wêreld nie |
| everything will be fine | alles sal regkom |

**7. WEIERING: (to deny)**






| | |
|---|---|
| never! | nooit! |
| it wasn't me | dit was nie my skuld nie |
| that'll be the day | dit sal die dag wees! |
| that is not true | dit is nie waar nie |
| you are lying | jy jok |
| I won't | Ek sal nie |
| I didn't | Ek het nie |
| I shouldn't | Ek behoort nie |

# BETER KOMMUNIKASIE (VERVOLG)

**8. SIMPATIE: (sympathy)**

I am really sorry ....
I am so sorry to hear about ....
shame!
that is a pity
that is terrible
what a tragedy/disaster




**9. RIGTINGS: (directions)**

walk or drive
cross the bridge
around the circle
as far as the station
go down/up the stairs
around the corner
leave from the airport
next to the post office
on the left/right
turn left/right
careful of the traffic
drive safely



Ek is regtig jammer
Ek is so spyt om te hoor van ...
sies tog!
dis jammer
dit is vreeslik/aaklig
wat 'n tragedie/ramp

loop of ry
oor die brug
om die sirkel
tot by die stasie
by die trappe af/op
om die hoek
vertrek van die lughawe af
langsaan die poskantoor
aan die linkerkant/regterkant
draai links/regs
wees versigtig vir die verkeer
ry veilig

# BETER KOMMUNIKASIE (VERVOLG)

**10. ALGEMENE VRAE: (general questions)**

| | |
|---|---|
| are you married/engaged? | is jy getroud/verloof? |
| are you very busy? | is jy baie besig? |
| may I help you? | kan ek jou/u help? |
| can you please tell me .... | kan jy my asseblief vertel .... |
| do you have children? | het jy kinders? |
| do you speak Afrikaans? | praat jy Afrikaans? |
| how come? | hoe so? |
| how is your family? | hoe gaan dit met jou familie/gesin? |
| how long have you lived here? | hoe lank woon jy al hier? |
| how much does it cost? | hoeveel kos dit? |
| may I go with you? | mag ek saam met jou gaan? |
| may I sit here? | mag ek hier sit? |
| may I see you for a moment? | mag ek jou vir 'n oomblik spreek? |
| please repeat that | herhaal dit, asseblief |
| what is the date? | wat is die datum? |
| what do you study? | wat studeer jy? |

# BETER KOMMUNIKASIE (VERVOLG)

## ALGEMENE VRAE (VERVOLG)

| | |
|---|---|
| what do you mean? | wat bedoel jy? |
| what is the time? | hoe laat is dit? |
| what is wrong? | wat is verkeerd? |
| what is your name? | wat is jou naam? |
| what is your surname? | wat is jou van? |
| how old are you? | hoe oud is jy? |
| what tir | iddagete/aandete? |
| what is | |
| may I le | rlaat? |
| where d | ansie hou? |
| where d | ? |
| will you | ys? |
| why are | |
| will you | sseblief? |






# TOETS JOUSELF

| | |
|---|---|
| 1. My ma het my vanoggend **woke up**. | wakkergemaak |
| 2. Ek het **overslept.** | verslaap |
| 3. Ek gaan vir ’n **interview.** | onderhoud |
| 4. Almal het **turned up**. | opgedaag |
| 5. Sy **wears** pragtige skoene. | dra |
| **6. Put on** jou skoene. | Trek aan |
| 7. My ouers is **overseas.** | oorsee |
| 8. Alan **decides** om harder te werk. | besluit |
| 9. Jy **make** my lag. | laat |
| 10. Waar **want** jy die huis koop? | wil |
| 11. Ek **will** dit in Kaapstad koop. | sal |
| 12. Ek is kwaad **with** jou. | vir |
| 13. Ek weet **actually** nie wat dit is nie. | eintlik |
| **14. Finally** is ons klaar met die eksamen. | Uiteindelik |
| 15. Ek hou van **boiled** eiers. | gekookte |



# TOETS JOUSELF (VERVOLG)

1. Ek verkies fried eiers.
2. Ek hou weer van scrambled eiers.
3. Ek wil nie 'n onderwyser be nie.
4. Ek get nou kwaad vir jou.
5. Ek was gebore in 1955.
6. Baie dankie vir al jou help.
7. Ek is oor 'n week home.
8. Sy staan every now and then op.
9. Ons gaan nou to the beach.
10. Ek voel baie at home hier.
11. Jy moet my brief answer.
12. Ek don't know of ek die werk ken nie.
13. Ek het my boek by die huis left.
14. Die man het broad skouers.
15. Daar is ses periods per dag.

gebakte
roereiers
word
raak
is
hulp
tuis
kort-kort
strand toe
tuis
beantwoord
weet nie
vergeet
breë
lesse





# TOETS JOUSELF (VERVOLG)

| | |
|---|---|
| 1. Most mense hou daarvan. | Die meeste mense |
| 2. Die vraestel is nie hard nie. | moeilik |
| 3. Dié boek is better than die ander. | beter as |
| 4. Dis nou die laaste time! | keer |
| 5. Daar goes die klok. | lui |
| 6. Ek het 'n groot choice. | keuse |
| 7. Ek het 'n appointment met hom. | afspraak |
| 8. Ek is bored. | verveeld |
| 9. Die boek is boring. | vervelig |
| 10. Wat mean die woord? | beteken |
| 11. Ek hou van weak tee. | flou |
| 12. Ek believe alles wat sy sê. | glo |
| 13. Ek promise om dit weer te doen. | belowe |
| 14. Jare ago het ek op 'n plaas gewoon. | gelede |
| 15. Ek enjoyed myself by die Waterkant. | geniet dit |